BEHEREND BEPERK • HOLDINGS LIMITED

**NWK BEHEREND BEPERK**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
CTSE aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

**(“NWK Beherend”** of **“Maatskappy”)**

# VERKLARING VAN GEWONE DIVIDEND

1. Aandeelhouers van NWK Beherend **(“Aandeelhouers”)** word hiermee in kennis gestel dat die raad van direkteure van NWK Beherend, vir die finansiële jaar geëindig op 30 April 2024, ŉ bruto gewone kontant dividend van 26 (ses en twintig) sent per NWK Beherend gewone aandeel (**“NWK Beherend Gewone Dividend”**) verklaar het.

2. Die NWK Beherend Gewone Dividend sal aan Aandeelhouers wat dienooreenkomstig op die Maatskappy se aandeleregister aangeteken is, uitbetaal word op die datums soos uiteengesit in die tydtafel hieronder ingesluit. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die datum van die verklaarde NWK Beherend Gewone Dividend is 108 003 980 (een honderd en agt miljoen drie duisend en nege honderd en tagtig).

3. Die belangrikste datums en tye van toepassing op die NWK Beherend Gewone Dividend is soos volg:

| | |
|---|---|
| Verklaringsdatum | Donderdag, 25 Julie 2024 |
| Finaliseringsdatum | Maandag, 5 Augustus 2024 |
| ***Openbare Vakansiedag*** | ***Vrydag, 9 Augustus 2024*** |
| Laaste dag om *cum* dividend te verhandel | Vrydag, 16 Augustus 2024 |
| Rekorddatum | Vrydag, 16 Augustus 2024 |
| Aandele begin *ex*-dividend te verhandel | Maandag, 19 Augustus 2024 |
| Betalingsdatum | Maandag, 19 Augustus 2024 |

4. In ooreenstemming met paragraaf 11.49 en 11.50 van die CTSE Noteringsvereistes, word die volgende bykomende inligting geopenbaar:

4.1 die plaaslike dividend terughoubelastingkoers is 20% (twintig present) en van toepassing op Aandeelhouers wat nie as sodanig vrygestel is nie;
4.2 aandeelhouers wat hul NWK Beherend aandele vanuit ŉ buitelandse jurisdiksie hou, mag onderhewig wees aan ŉ ander terughoubelastingkoers;
4.3 die NWK Beherend Gewone Dividend sal vanuit die inkomstereserwes betaal word;
4.4 die bruto bedrag van die NWK Beherend Gewone Dividend wat gebruik moet word in die bepaling van die dividendbelasting is 26 (ses en twintig) sent per NWK Beherend gewone aandeel;
4.5 die dividendbelasting vir die NWK Beherend Gewone Dividend wat deur die Maatskappy teruggehou moet word, is gelyk aan 5.2 (vyf punt twee) sent per NWK Beherend gewone aandeel;
4.6 die netto bedrag van die NWK Beherend Gewone Dividend is 26 (ses en twintig) sent per NWK Beherend gewone aandeel vir Aandeelhouers wat vrygestel is van dividendbelasting vir die NWK Beherend Gewone Dividend;
4.7 die netto bedrag van die NWK Beherend Gewone Dividend is 20.8 (twintig punt agt) sent per NWK Beherend gewone aandeel vir Aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vir die NWK Beherend Gewone Dividend vrygestel is nie;
4.8 NWK Beherend het 108 003 980 (een honderd en agt miljoen drie duisend en nege honderd en tagtig ) gewone uitgereikte aandele (wat 8 468 089 (agt miljoen vier honderd agt en sestig duisend nege en tagtig) tesourie-aandele insluit); en
4.9 NWK Beherend se inkomstebelasting-verwysingsnommer is: 9771815710.

5. Belastingimplikasies:

   Sou Aandeelhouers onder enige twyfel verkeer oor moontlike belastingimplikasies van die NWK Beherend Gewone Dividend, word hulle aangemoedig om hulle professionele adviseurs vir individuele advies te raadpleeg.

6. Betaling van die NWK Beherend Gewone Dividend:

   Aandeelhouers word ingelig dat die betaling van die NWK Beherend Gewone Dividend deur die CTSE Registry Services Eiendoms Beperk ("**CTSE Registry**") platform sal geskied en in Aandeelhouers se aandeleverhandelingsrekeninge inbetaal sal word.

7. Sou dit Aandeelhouers se wens wees dat hul NWK Beherend Gewone Dividend na hul persoonlike bankrekening oorgeplaas word, moet hulle spesifiek hul gemagtigde gebruiker dienooreenkomstig in kennis stel. Administratiewe bystand met die onttrekking van dividende kan versoek word by nwk@nwk.co.za (Tel 018 633 1089) of avanrooyen@nwk.co.za (Tel 018 633 1487).

8. Aandeelhouers wat nog nie ŉ aandeleverhandelingsrekening by ŉ gemagtigde gebruiker geopen het nie, word aangemoedig om dit so gou moontlik te doen omdat dit vereis word vir die onttrekking van die NWK Beherend Gewone Dividend (insluitend vorige uitbetaalde dividende) deur Aandeelhouers. Aandeelhouers wat ŉ aandeleverhandelingsrekening by ŉ gemagtigde gebruiker wil open, kan dit op een van die volgende wyses doen:

| **Deur ŉ rekening by ŉ gemagtigde gebruiker te registreer en te open** | **Administratiewe bystand** |
|---|---|
| Deur op die volgende skakel te kliek<br><br>https://ctexchange.co.za/trade | Administratiewe bystand kan versoek word deur ŉ e-pos te stuur na<br>nwk@nwk.co.za |

9. Aandeelhouers wat ŉ aandeleverhandelingsrekening by ŉ gemagtigde gebruiker geopen het, word daaraan herinner dat, vir die dividend om in hul onderskeie bankrekeninge inbetaal te word, ŉ opdrag dienooreenkomstig aan die gemagtigde gebruiker gegee moet word voordat sulke uitbetalings sal plaasvind.

   Neem asseblief kennis dat hierdie aankondiging in Engels gepubliseer is op die nuusdiens van die "Cape Town Stock Exchange" by https://www.ctexchange.co.za/marketplace/company-announcements . Alhoewel ons die nodige redelike sorg aan die dag gelê het ten einde te verseker dat hierdie Afrikaanse weergawe in alle wesenlike opsigte ooreenstem met die Engelse, weergawe, sal die Engelse weergawe voorkeur geniet in geval van enige teenstrydighede of verskille met die Engelse weergawe,

**Lichtenburg**

**25 Julie 2024**

**AM VAN ROOYEN**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS &**
**HOOF REGSADVISEUR**
**NWK BEHEREND BPK**